



BUITENGEWONE

EXTRAORDINARY

STAATSKOERANT

VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

GOVERNMENT GAZETTE

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer

Registered at the Post Office as a Newspaper

**Prys 10c Price
Oorsee 15c Overseas
POSVRY—POST FREE**

Vol. 37.]

KAAPSTAD, 5 JULIE 1968.

[No. 2119.

CAPE TOWN, 5TH JULY, 1968.

DEPARTEMENT VAN DIE EERSTE MINISTER.

No. 1162.] [5 Julie 1968.

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wette wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

BLADSY

No. 73 van 1968:	Wet op Beperking en Bekendmaking van Finansieringskoste, 1968	3
No. 74 van 1968:	Wysigingswet op die Voortsetting van Oorlogsmaatreëls, 1968 ..	25
No. 75 van 1968:	Wysigingswet op Boedelbelasting, 1968	27
No. 76 van 1968:	Inkomstebelastingwet, 1968 ..	29
No. 77 van 1968:	Wet op Seëlregte, 1968 ..	61
No. 79 van 1968:	Wysigingswet op die Pensioenwette, 1968	115
No. 80 van 1968:	Behuisingswysigingswet, 1968 ..	127
No. 81 van 1968:	Wet op Professionele Ingenieurs, 1968	139

DEPARTMENT OF THE PRIME MINISTER.

No. 1162.]

[5th July, 1968.

It is hereby notified that the State President has assented to the following Acts which are hereby published for general information:—

PAGE

No. 73 of 1968:	Limitation and Disclosure of Finance Charges Act, 1968	4
No. 74 of 1968:	War Measures Continuation Amendment Act, 1968	26
No. 75 of 1968:	Estate Duty Amendment Act, 1968 ..	28
No. 76 of 1968:	Income Tax Act, 1968	30
No. 77 of 1968:	Stamp Duties Act, 1968	62
No. 79 of 1968:	Pension Laws Amendment Act, 1968 ..	116
No. 80 of 1968:	Housing Amendment Act, 1968 ..	128
No. 81 of 1968:	Professional Engineers' Act, 1968 ..	140

INHOUD.

Departement van die Eerste Minister.

GOEWERMENTSKENNISGEWING.

No.	BLADSY
1162 Wet No. 73 van 1968: Wet op Beperking en Bekendmaking van Finansieringskoste, 1968	3
1162 Wet No. 74 van 1968: Wysigingswet op die Voortsetting van Oorlogsmaatreëls, 1968	25
1162 Wet No. 75 van 1968: Wysigingswet op Boedelbelasting, 1968	27
1162 Wet No. 76 van 1968: Inkomstebelastingwet, 1968	29
1162 Wet No. 77 van 1968: Wet op Seëlregte, 1968	61
1162 Wet No. 79 van 1968: Wysigingswet op die Pensioenwette, 1968	115
1162 Wet No. 80 van 1968: Behuisingswysigingswet, 1968	127
1162 Wet No. 81 van 1968: Wet op Professionele Ingenieurs, 1968	139

CONTENTS.

Department of the Prime Minister.

GOVERNMENT NOTICE.

No.	PAGE
1162 Act No. 73 of 1968: Limitation and Disclosure of Finance Charges Act, 1968	4
1162 Act No. 74 of 1968: War Measures Continuation Amendment Act, 1968	26
1162 Act No. 75 of 1968: Estate Duty Amendment Act, 1968	28
1162 Act No. 76 of 1968: Income Tax Act, 1968 ..	30
1162 Act No. 77 of 1968: Stamp Duties Act, 1968 ..	62
1162 Act No. 79 of 1968: Pension Laws Amendment Act, 1968	116
1162 Act No. 80 of 1968: Housing Amendment Act, 1968	128
1162 Act No. 81 of 1968: Professional Engineers' Act, 1968	140

No. 73, 1968.]

WET

Om voorsiening te maak vir die beperking en bekendmaking van finansieringskoste wat ten opsigte van geldleningstransaksies en krediettransaksies gevorder word en vir aangeleenthede wat daar mee in verband staan; en om die Woekerwet, 1926, te herroep.

*(Afrikaanse teks deur die Staatspresident geteken.)
(Goedgekeur op 20 Junie 1968.)*

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

1. Tensy uit die samehang anders blyk, beteken in hierdie Woordomskrywings.:

- (i) „finansieringskoste” die totaal van enige geldwaardige teenprestasie wat ’n geldopnemer of kredietopnemer uit hoofde van ’n geldleningstransaksie of ’n krediettransaksie, buite en behalwe ’n in artikel 5 (1) (b) bedoelde bedrag en enige geldwaardige teenprestasie wat uitdruklik deur hierdie Wet by die hoofskuld ingesluit word, hetsy as deel van die hoofskuld of andersins, regstreeks of onregstreeks aan ’n gelduitlener of kredietgewer of aan of ten behoeve van ’n tussen-ganger tussen hom en ’n gelduitlener of kredietgewer, gegee het of verskuldig is, en sluit dit ook in, in die geval van ’n ooreenkoms waarkragtens goedere verkoop word op ’n voorwaarde waarvolgens daardie goedere teruggekoop word teen ’n hoër prys, die verskil tussen die hoër prys waarteen die goedere teruggekoop word en die laer prys waarteen die goedere verkoop word; (vii)
- (ii) „finansieringskostekoers per jaar” ’n koers bereken deur die finansieringskostekoers per periode met die getal van sodanige periodes in een jaar te vermenigvuldig; (i)
- (iii) „finansieringskostekoers per periode” die koers waarteen finansieringskoste aan die einde van ’n periode op die dan verskuldigde saldo van die hoofskuld gehef word; (viii)
- (iv) „geldleningstransaksie” ’n transaksie wat, in watter vorm dit ook al is, en ongeag of dit deel uitmaak van ’n ander transaksie of nie, wesentlik een van geldleen is, en sluit dit ’n ooreenkoms in waarkragtens goedere verkoop word op ’n voorwaarde waarvolgens daardie goedere teruggekoop word teen ’n hoër prys, in watter geval die laer prys waarteen die goedere verkoop word by die toepassing van hierdie Wet geag word ’n som geld te wees wat uitgeleen is; (xii)
- (v) „geldopnemer” iemand aan wie ’n lening van ’n som geld deur ’n gelduitlener ingevolge ’n geldleningstransaksie toegestaan is, of iemand op wie die regte en verpligte van ’n geldopnemer ten opsigte van ’n geldleningstransaksie, hetsy deur oordrag, sessie of andersins, oorgegaan het; (ii)

No. 73, 1968.]

ACT

To provide for the limitation and disclosure of finance charges levied in respect of money lending transactions and credit transactions and for matters incidental thereto; and to repeal the Usury Act, 1926.

*(Afrikaans text signed by the State President.)
(Assented to 20th June, 1968.)*

BE IT ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

Definitions.

1. In this Act, unless the context otherwise indicates—
 - (i) “annual finance charge rate” means a rate calculated by multiplying the finance charge rate per period by the number of such periods in one year; (ii)
 - (ii) “borrower” means any person to whom a money-lender has granted a loan of a sum of money in terms of a money lending transaction, or any person to whom, whether by delegation, cession or otherwise, the rights and obligations of a borrower in respect of a money lending transaction have passed; (v)
 - (iii) “credit grantor” means any person who is granting or has granted credit to a prospective credit receiver or to a credit receiver in terms of a credit transaction, or any person to whom, whether by delegation, cession or otherwise, the rights or the rights and obligations of a credit grantor in respect of a credit transaction have passed; (ix)
 - (iv) “credit receiver” means any natural person to whom a credit grantor has granted credit in terms of a credit transaction, or any natural person to whom, whether by delegation, cession or otherwise, the rights and obligations of a credit receiver in respect of a credit transaction have passed; (x)
 - (v) “credit transaction” means any transaction, whatever its form may be, by which—
 - (a) a credit grantor and a credit receiver agree that the credit grantor sell or supply to the credit receiver movable property or services intended mainly for personal, family, household or farming purposes, against payment by the credit receiver to the credit grantor of a stated or determinable sum of money at a stated or determinable future date or in whole or in part in instalments over a period in the future; or
 - (b) a credit grantor and a credit receiver agree that the credit grantor transfer or grant to the credit receiver the use or enjoyment of movable property or services, intended mainly for personal, family, household or farming purposes, against payment by the credit receiver to the credit grantor of a stated or determinable sum of money at a stated

- (vi) „gelduitlener” iemand wat 'n lening van 'n som geld ingevolge 'n geldleningstransaksie aan 'n voornemende geldopnemer of 'n geldopnemer toestaan of toegestaan het, of iemand op wie die regte of die regte en verpligte van 'n gelduitlener ten opsigte van 'n geldleningstransaksie, hetsy deur oordrag, sessie of andersins, oorgegaan het, en diehouer van 'n skuldakte wat in verband met 'n geldleningstransaksie verly is; (xi)
- (vii) „hierdie Wet” ook die regulasies; (xviii)
- (viii) „hoofskuld” met betrekking tot—
 - (a) 'n geldleningstransaksie—
 - (i) die kontantbedrag geld wat werklik deur of ten behoeve van 'n geldopnemer ingevolge bedoelde transaksie ontvang is; plus
 - (ii) die koste ten opsigte van seëlregte wat werklik deur die gelduitlener in verband met bedoelde transaksie betaal is of betaal moet word en aan hom deur die geldopnemer verskuldig is; plus
 - (iii) indien die gelduitlener kragtens 'n ooreenkoms tussen hom en die geldopnemer daartoe gemagtig is—
 - (aa) waar die geldlening in die geheel of gedeeltelik deur 'n verband op onroerende goed of 'n notariële verband op roerende goed gesekureer is—
 - (i) die koste wat werklik deur die gelduitlener ten opsigte van die opstelling, verlyding en registrasie van die verband betaal is of betaal moet word; en
 - (ii) belastingvorderings en ander fiskale heffings, lisensiegelde en brandversekeringspremies wat werklik deur die gelduitlener betaal is of betaal moet word ten opsigte van die betrokke goed;
 - (bb) premies wat werklik deur die gelduitlener betaal is of betaal moet word aan 'n versekeraar geregistreer ingevolge die Versekeringswet, 1943 (Wet No. 27 van 1943), ten opsigte van 'n versekeringspolis wat as sekuriteit vir die terugbetaling van die lening aan die gelduitlener gesedeer is; en
 - (cc) premies wat werklik deur die gelduitlener betaal is of betaal moet word aan 'n versekeraar geregistreer ingevolge die Versekeringswet, 1943, ten opsigte van 'n versekeringspolis oor roerende goed wat aan die gelduitlener verpand is as sekuriteit vir die terugbetaling van die lening; of
 - (b) 'n krediettransaksie—
 - (i) die verkoopprys van roerende goed of dienste, of, indien toepaslik, die verskil tussen die verkoopprys van roerende goed of dienste en die kontantbedrag geld of die ooreengekome redelike waarde van goedere wat deur die kredietopnemer aan die kredietgrewer betaal of gelewer is of betaal of gelewer moet word vir aanwending ter vermindering van bedoelde verkoopprys; of
 - (ii) die verskil tussen die totale geldsom, uitgesonderd finansieringskoste, wat deur die kredietgrewer vir die gebruik of genot van

or determinable future date or in whole or in part in instalments over a period in the future, but does not include any transaction by which it is agreed at the time of the conclusion of the transaction—

- (i) that the debtor, or any person on his behalf, shall at no stage during the period during which the use or enjoyment of movable property is granted to him or thereafter, acquire ownership of such property and that after the expiration of the said period, he shall not retain the possession, use or enjoyment of the property concerned; and
- (ii) that the creditor shall, after the return to him of the movable property, apart from arrear instalments, not collect any further payments from the debtor unless at the time the agreement was entered into, agreement was reached in writing on the depreciated value of the said property at any material stage of the agreement and that upon termination of the agreement an adjustment shall be made only for the difference between the agreed depreciated value and the actual market value of the said property at that particular time;
- (xi)
- (vi) “deeds registry” means, in relation to an instrument of debt, the registry in which such instrument of debt may properly be registered; and “registrar of deeds” used in that connection has a corresponding meaning; (xv)
- (vii) “finance charges” means the total of any valuable consideration, which, apart from any amount referred to in section 5 (1) (b) and any valuable consideration which is specifically included in the principal debt by this Act, a borrower or credit receiver has given or is owing, whether as part of the principal debt or otherwise, directly or indirectly, to a moneylender or credit grantor or to or on behalf of any intermediary between himself and a moneylender or credit grantor in terms of a money lending transaction or a credit transaction, and includes, in the case of an agreement in terms of which goods are sold under a condition of repurchase of such goods at a higher price, the difference between the higher price at which the goods are repurchased and the lower price at which the goods are sold; (i)
- (viii) “finance charge rate per period” means the rate at which finance charges are levied at the end of a period on the balance of the principal debt then owing; (iii)
- (ix) “instrument of debt” includes a negotiable instrument, bond, written contract or agreement or other document containing the terms and conditions of any contract or agreement in connection with a money lending transaction or a credit transaction, but does not include any covering bond in so far as it purports to convey security for future advances; (xviii)
- (x) “Minister” means the the Minister of Finance; (xii)
- (xi) “moneylender” means any person who is granting or has granted a loan of a sum of money to a prospective borrower or to a borrower in terms of a money lending transaction, or any person to whom, whether by delegation, cession or otherwise, the rights or the rights and obligations of a moneylender in respect of a money lending transaction have passed, and the holder of an instrument of debt executed in respect of a money lending transaction; (vi)
- (xii) “money lending transaction” means any transaction which, whatever its form may be, and whether or not it forms part of another transaction, is substantially one of money lending, and includes any agreement in terms of which goods are sold under a condition of

roerende goed of dienste gevorder word en die kontantbedrag geld of die ooreengekome redelike waarde van goedere wat deur die kredietopnemer aan die kredietgewer betaal of gelewer is of betaal of gelewer moet word vir verrekening teen bedoelde geldsom; plus

- (iii) die koste ten opsigte van seëlregte wat werklik deur die kredietgewer in verband met bedoelde transaksie betaal is of betaal moet word en aan hom deur die kredietopnemer verskuldig is; plus
- (iv) indien die kredietgewer kragtens 'n ooreenkoms tussen hom en die kredietopnemer daartoe gemagtig is—
 - (aa) waar goed ingevolge 'n notariële verband of 'n verband op onroerende goed aan die kredietgewer as sekuriteit in verband met bedoelde transaksie verpand of verhipotekeer is, die koste wat werklik deur die kredietgewer betaal is of betaal moet word ten opsigte van die opstelling, verlyding en registrasie van die verband;
 - (bb) premies wat werklik deur die kredietgewer betaal is of betaal moet word aan 'n versekeraar geregistreer ingevolge die Versekeringswet, 1943, ten opsigte van 'n versekeringspolis oor goed wat as sekuriteit in verband met bedoelde transaksie dien; en
 - (cc) belastingvorderings en ander fiskale heffings, lisensie- en ander gelde wat in verband met bedoelde transaksie betaalbaar is en wat werklik deur die kredietgewer betaal is of betaal moet word; (xiv)
- (ix) „kredietgewer” iemand wat krediet ingevolge 'n krediettransaksie aan 'n voornemende kredietopnemer of aan 'n kredietopnemer verleen of verleen het, of iemand op wie die regte of die regte en verpligte van 'n kredietgewer ten opsigte van 'n krediettransaksie, hetsy deur oordrag, sessie of andersins, oorgegaan het; (iii)
- (x) „kredietopnemer” 'n natuurlike persoon aan wie krediet deur 'n kredietgewer ingevolge 'n krediettransaksie verleen is, of 'n natuurlike persoon op wie die regte en verpligte van 'n kredietopnemer ten opsigte van 'n krediettransaksie, hetsy deur oordrag, sessie of andersins, oorgegaan het; (iv)
- (xi) „krediettransaksie” 'n transaksie in watter vorm dit ook al is, waarby—
 - (a) 'n kredietgewer en 'n kredietopnemer ooreenkomm dat die kredietgewer roerende goed of dienste wat hoofsaaklik vir persoonlike, familie-, huishoudelike of boerderydoeleindes bestem is, aan 'n kredietopnemer verkoop of verskaf teen betaling deur die kredietopnemer aan die kredietgewer van 'n bepaalde of bepaalbare geldsom op 'n bepaalde of bepaalbare toekomstige datum of in die geheel of gedeeltelik in paaiemente oor 'n tydperk in die toekoms; of
 - (b) 'n kredietgewer en 'n kredietopnemer ooreenkomm dat die kredietgewer die gebruik of genot van roerende goed of dienste, wat hoofsaaklik vir persoonlike, familie-, huishoudelike of boerdery-

repurchase of such goods at a higher price, in which case the lower price at which the goods are sold shall for the purposes of this Act be deemed to be a sum of money lent; (iv)

(xiii) "period" means, where the parties to an agreement in connection with a money lending transaction or a credit transaction have agreed that the sum of money payable in connection with the transaction—

(a) must be paid at a stated or determinable future date, the time that must elapse between the date upon which the transaction was concluded and the date upon which payment of the said sum of money must be made; or

(b) must be paid in whole or in part in instalments over a period in the future, the time that must elapse between the date upon which the transaction was concluded and the date upon which the first instalment is payable or the time that must elapse between the dates upon which two consecutive instalments are payable; (xiii)

(xiv) "principal debt" means in relation to—

(a) a money lending transaction—

(i) the cash amount in money actually received by or on behalf of a borrower in terms of the said transaction; plus

(ii) the costs in respect of stamp duties actually paid or to be paid by the moneylender in connection with the said transaction and which are owing to him by the borrower; plus

(iii) if the moneylender is authorized thereto in terms of an agreement between himself and the borrower—

(aa) where the money loan is wholly or partly secured by a mortgage bond over immovable property or a notarial bond over movable property—

(i) the costs actually paid or to be paid by the moneylender in respect of the preparation, execution and registration of the mortgage bond; and

(ii) taxes and other fiscal charges, licence fees and fire insurance premiums actually paid or to be paid by the moneylender in respect of the property concerned;

(bb) premiums actually paid or to be paid by the moneylender to an insurer registered in terms of the Insurance Act, 1943 (Act No. 27 of 1943), in respect of an insurance policy ceded to the moneylender as security for the repayment of the loan; and

(cc) premiums actually paid or to be paid by the moneylender to an insurer registered in terms of the Insurance Act, 1943, in respect of an insurance policy over movable property pledged to the moneylender as security for the repayment of the loan; or

(b) a credit transaction—

(i) the selling price of movable property or services or, if applicable, the difference between the selling price of movable property or services and the cash amount in money

doeleindes bestem is, aan die kredietopnemer oordra of verskaf teen betaling deur die kredietopnemer aan die kredietgewer van 'n bepaalde of bepaalbare geldsom op 'n bepaalde of bepaalbare toekomstige datum of in die geheel of gedeeltelik in paaiemende oor 'n tydperk in die toekoms, maar nie ook 'n transaksie nie waarby, ten tyde van die aangaan van die transaksie, ooreengekom word—

- (i) dat die skuldenaar, of iemand namens hom, op geen tydstip gedurende die tydperk waartydens die gebruik of genot van roerende goed aan hom afgestaan is of daarna, eindomsreg op daardie goed verkry nie en dat hy, na verloop van bedoelde tydperk, nie die besit, gebruik of genot van die betrokke goed mag behou nie; en
- (ii) dat die skuldeiser, na teruggawe aan hom van die roerende goed, geen verdere betalings, uitgesonderd agterstallige paaiemende, van die skuldenaar mag vorder nie tensy daar ten tyde van die aangaan van die ooreenkoms, skriftelik ooreengekom is oor die gedepresieerde waarde van bedoelde goed op enige wesenlike stadium van die ooreenkoms, en dat by beëindiging van die ooreenkoms 'n verrekening slegs vir die verskil tussen die ooreengekome gedepresieerde waarde en die werklike markwaarde van bedoelde goed op daardie bepaalde tydstip gemaak moet word;

(v)

- (xii) „Minister” die Minister van Finansies; (x)
- (xiii) „periode” waar die partye by 'n ooreenkoms in verband met 'n geldleningstransaksie of 'n krediettransaksie ooreengekom het dat die geldsom wat in verband met die transaksie betaalbaar is—
 - (a) op 'n bepaalde of bepaalbare toekomstige datum betaal moet word, die tyd wat moet verloop tussen die datum waarop die transaksie aangegaan is en die datum waarop betaling van bedoelde geldsom moet geskied; of
 - (b) in die geheel of gedeeltelik in paaiemende oor 'n tydperk in die toekoms betaal moet word, die tyd wat moet verloop tussen die datum waarop die transaksie aangegaan is en die datum waarop die eerste paaiemend betaalbaar is of die tyd wat moet verloop tussen die datums waarop twee opeenvolgende paaiemende betaalbaar is; (xiii)
- (xiv) „reëlmatige betalings” betalings wat by wyse van 'n reeks gelyke paaiemende wat aan die einde van gelyke opeenvolgende periodes, wat nie langer as een jaar elk is nie, vanaf die datum waarop 'n geldleningstransaksie of 'n krediettransaksie aangegaan is, gemaak word: Met dien verstande dat by die toepassing van hierdie omskrywing—
 - (a) die paaiemende geag word gelyk te wees indien al die paaiemende in die reeks paaiemende gelyk is behalwe een wat met nie meer nie as tien persent van enige van die ander paaiemende verskil; en
 - (b) die periodes geag word gelyk te wees indien al die periodes ewe lank is behalwe die eerste periode, indien die eerste periode met nie meer nie as die helfte van die duur van die ander periodes verskil waar daardie ander periodes nie langer as een maand elk is nie en met nie meer nie as een maand waar daardie ander periodes langer as een maand elk is; (xvii)
- (xv) „registrasiekantoor van aktes”, in verband met 'n skuldakte, die registrasiekantoor waarin daardie skuldakte behoorlik geregistreer kan word; en het „registereur van aktes” in daardie verband gebruik 'n ooreenstemmende betekenis; (vi)

paid or to be paid or the reasonable value, agreed upon, of goods delivered or to be delivered by the credit receiver to the credit grantor for application in reduction of the said selling price; or

(ii) the difference between the total sum of money, excluding finance charges, charged by the credit grantor for the use or enjoyment of movable property or services and the cash amount in money paid or to be paid or the reasonable value, agreed upon, of goods delivered or to be delivered by the credit receiver to the credit grantor for deduction from the said sum of money; plus

(iii) the costs in respect of stamp duties actually paid or to be paid by the credit grantor in connection with the said transaction and which are owing to him by the credit receiver; plus

(iv) if the credit grantor is authorized thereto in terms of an agreement between himself and the credit receiver—

(aa) where property is pledged under notarial bond or hypothecated under a mortgage bond over immovable property to the credit grantor as security in connection with the transaction, the costs actually paid or to be paid by the credit grantor in respect of the preparation, execution and registration of the bond;

(bb) premiums actually paid or to be paid by the credit grantor to an insurer registered in terms of the Insurance Act, 1943, in respect of an insurance policy over property serving as security in connection with the said transaction; and

(cc) taxes and other fiscal charges, licence and other fees which may be payable in connection with the said transaction and which were actually paid or to be paid by the credit grantor; (viii)

(xv) "Registrar" means the officer who is in charge of the Office of Financial Institutions and is known as the Registrar of Financial Institutions; (xvi)

(xvi) "regulation" means a regulation in force under this Act; (xvii)

(xvii) "regular payments" means payments made by way of a series of equal instalments at the end of equal consecutive periods, not longer than one year each, as from the date upon which a money lending transaction or a credit transaction was concluded: Provided that for the purposes of this definition—

(a) the instalments shall be deemed to be equal if all the instalments in the series of instalments are equal except one which does not differ by more than ten per cent from any of the other instalments; and

- (xvi) „Registrateur” die beampte wat aan die hoof staan van die Kantoor vir Finansiële Instellings en wat bekend staan as die Registrateur van Finansiële Instellings; (xv)
- (xvii) „regulasie” ’n regulasie wat kragtens hierdie Wet van krag is; (xvi)
- (xviii) „skuldakte” ook ’n verhandelbare stuk, verband, skriftelike kontrak of ooreenkoms of ander dokument waarin die bedinge en voorwaardes van ’n kontrak of ooreenkoms in verband met ’n geldleningstransaksie of ’n krediettransaksie vervat is, maar nie ook ’n dekkingsverband vir sover dit sekuriteit vir toekomstige voorskotte heet te verleen nie. (ix)

2. (1) ’n Gelduitlener beding, eis of ontvang nie finansieringskoste in verband met ’n geldleningstransaksie teen ’n finansieringskostekoers per jaar van meer as—

- (a) agtien persent nie, waar die totale bedrag geld wat deur hom binne ’n tydperk van drie maande aan ’n geldopnemer geleen is, met inbegrip van uitgawes wat binne bedoelde tydperk deur hom uitbetaal is en as deel van die hoofskuld verhaalbaar is, alles tesame nie tweehonderd rand oorskry nie;
- (b) vyftien persent nie, waar die totale bedrag geld, wat deur hom binne ’n tydperk van drie maande aan ’n geldopnemer geleen is, met inbegrip van uitgawes wat binne bedoelde tydperk deur hom uitbetaal is en as deel van die hoofskuld verhaalbaar is, alles tesame tweehonderd rand oorskry maar alles tesame nie vierhonderd rand oorskry nie;
- (c) twaalf persent nie, waar die totale bedrag geld, wat deur hom binne ’n tydperk van drie maande aan ’n geldopnemer geleen is, met inbegrip van uitgawes wat binne bedoelde tydperk deur hom uitbetaal is en as deel van die hoofskuld verhaalbaar is, alles tesame vierhonderd rand oorskry.

(2) ’n Kredietgewer beding, eis of ontvang nie finansieringskoste in verband met ’n krediettransaksie teen ’n finansieringskostekoers per jaar van meer as agtien persent nie.

(3) Die Minister publiseer tabelle in die *Staatskoerant* waaruit die finansieringskostekoers per jaar waarteen finansieringskoste gehef mag word ten opsigte van ’n geldleningstransaksie of ’n krediettransaksie in verband waarmee daar ooreengekom is dat betaling van die hoofskuld en finansieringskoste by wyse van reëlmataige betalings moet geskied, vasgestel kan word.

(4) Waar betaling van die hoofskuld en finansieringskoste volgens ’n ooreenkoms in verband met ’n geldleningstransaksie of ’n krediettransaksie op ’n ander wyse as by wyse van reëlmataige betalings moet geskied, word die finansieringskostekoers per jaar waarteen finansieringskoste gehef mag word, bereken op die saldo van die hoofskuld wat van tyd tot tyd deur die geldopnemer of kredietopnemer aan die gelduitlener of kredietgewer verskuldig is.

(5) ’n Gelduitlener of kredietgewer bereken nie finansieringskoste volgens korter of meer periodes nie as dié waarvolgens paaiemende of die uitstaande saldo van die hoofskuld ingevolge ’n ooreenkoms in verband met die betrokke geldleningstransaksie of krediettransaksie betaal moet word.

(6) Subartikel (5) word nie so uitgelê dat dit die verhaling van finansieringskoste volgens periodes van een maand of langer verbied nie in die geval van ’n geldleningstransaksie ten opsigte waarvan die periode tussen paaiemebetalings of die periode tussen die dag waarop die hoofskuld aangegaan is en die dag waarop die hoofskuld betaal moet word, langer as een maand is.

(b) the periods shall be deemed to be equal if all the periods are of the same duration except the first period if the first period does not differ by more than one half of the duration of any of the other periods where those other periods are not longer than one month each and by not more than one month where those other periods are longer than one month each; (xiv)

(xviii) "this Act" includes the regulations. (vii)

Maximum annual finance charge rates which may be charged in connection with money lending transactions and credit transactions.

2. (1) No moneylender shall in connection with any money lending transaction stipulate for, demand or receive finance charges at an annual finance charge rate greater than—

(a) eighteen per cent, where the total amount of money lent by him to a borrower, including disbursements, recoverable as part of the principal debt, made by him, within any period of three months does not in the aggregate exceed two hundred rand;

(b) fifteen per cent, where the total amount of money lent by him to a borrower, including disbursements, recoverable as part of the principal debt, made by him, within any period of three months exceeds in the aggregate two hundred rand but does not in the aggregate exceed four hundred rand;

(c) twelve per cent, where the total amount of money lent, by him to a borrower, including disbursements, recoverable as part of the principal debt, made by him, within any period of three months exceeds in the aggregate four hundred rand.

(2) No credit grantor shall in connection with any credit transaction stipulate for, demand or receive finance charges at an annual finance charge rate greater than eighteen per cent.

(3) The Minister shall publish tables in the *Gazette* from which may be ascertained the annual finance charge rate at which finance charges may be levied in respect of a money lending transaction or a credit transaction in connection with which it has been agreed that payment of the principal debt and finance charges must be effected by way of regular payments.

(4) Where in connection with a money lending transaction or a credit transaction, it is agreed that payment of the principal debt and finance charges must be effected in any manner other than by way of regular payments, the annual finance charge rate at which finance charges may be levied, shall be calculated on the balance of the principal debt owing from time to time by the borrower or credit receiver to the moneylender or credit grantor.

(5) No moneylender or credit grantor shall calculate finance charges according to shorter or more periods than those according to which instalments or the outstanding balance of the principal debt must be paid in terms of an agreement in connection with the money lending transaction or the credit transaction concerned.

(6) Subsection (5) shall not be construed as prohibiting the recovery of finance charges according to periods of one month or longer in the case of a money lending transaction in respect of which the period between instalment payments or the period between the date upon which the principal debt was incurred and the date upon which it must be paid, is longer than one month.

3. (1) 'n Gelduitlener wat die uitleen van geld as 'n bedryf uitoeft, verstrek, op versoek voordat 'n geldleningstransaksie in verband waarmee finansieringskoste betaalbaar is of betaalbaar sal wees, aangegaan word, afsonderlik en uitdruklik aan die voornemende geldopnemer, en, hetsy so 'n versoek gedoen word al dan nie, vermeld afsonderlik en uitdruklik in elke skuldaakte wat in verband met so 'n transaksie verly word, vir sover dit bekend en bepaalbaar is, die volgende besonderhede:

- (a) Die kontantbedrag geld wat werklik deur of ten behoewe van die geldopnemer ontvang is of deur of ten behoewe van die geldopnemer of voornemende geldopnemer ontvang sal word;
- (b) alle ander vorderings, afsonderlik vermeld, wat deel uitmaak of deel sal uitmaak van die hoofskuld;
- (c) die hoofskuld, dit wil sê, die som van die in paragrawe (a) en (b) bedoelde bedrae;
- (d) die bedrag in rand en sente van die finansieringskoste;
- (e) die finansieringskoste uitgedruk as 'n finansieringskostekoers per jaar; en
- (f) na gelang van die geval, die datum waarop of die getal paaiemente waarin die hoofskuld tesame met die finansieringskoste betaal moet word, die bedrag van elke paaiement en die vervaldatum van elke paaiement of die wyse waarop dié datum bepaal word.

(2) 'n Kredietgewer wat in die normale loop van sy besigheid krediettransaksies aangaan, verstrek, op versoek voordat 'n krediettransaksie in verband waarmee finansieringskoste betaalbaar is of betaalbaar sal wees, aangegaan word, afsonderlik en uitdruklik aan die voornemende kredietopnemer, en, hetsy so 'n versoek gedoen word al dan nie, vermeld afsonderlik en uitdruklik in elke skuldaakte wat in verband met so 'n transaksie verly word, vir sover dit bekend en bepaalbaar is, die volgende besonderhede:

- (a) Die verkoopprys van die verkopte goed of die goed wat verkoop gaan word of die geldsom wat vir die gebruik of genot van die goed gevorder is of gevorder gaan word;
- (b) alle ander vorderings, afsonderlik vermeld, wat deel van die hoofskuld uitmaak of deel van die hoofskuld sal uitmaak;
- (c) die kontantbedrag geld of die redelike waarde van goedere wat by die aangaan van die transaksie teen die bedrag in paragraaf (a) bedoel, verreken is of verreken sal word;
- (d) die hoofskuld, dit wil sê, die som van die in paragrawe (a) en (b) bedoelde bedrae min die in paragraaf (c) bedoelde bedrag;
- (e) die bedrag in rand en sente van die finansieringskoste;
- (f) die finansieringskoste uitgedruk as 'n finansieringskostekoers per jaar; en
- (g) na gelang van die geval, die datum waarop of die getal paaiemente waarin die hoofskuld tesame met die finansieringskoste betaal moet word, die bedrag van elke paaiement en die vervaldatum van elke paaiement of die wyse waarop dié datum bepaal word.

(3) Die bepalings van subartikels (1) en (2) is nie van toepassing nie op of ten opsigte van—

- (a) 'n wissel waar dié wissel deur die Suid-Afrikaanse Reserwebank, die Nasionale Finansiekorporasie van Suid-Afrika of 'n bankinstelling soos omskryf in artikel 1 (1) van die Bankwet, 1965 (Wet No. 23 van 1965), verly of verdiskonter word;
- (b) 'n verband op goed wat in 'n registrasiekantoor van aktes geregistreer word;
- (c) 'n debetsaldo in 'n rekening by 'n bankinstelling soos omskryf in artikel 1 (1) van die Bankwet, 1965, waaruit opvragings deur middel van tjeks of ander opdragte van kliënte gemaak kan word; en
- (d) 'n geldlening deur 'n versekeraar aan 'n polishouer gegee waar dié lening gesekureer is deur verpanding

Compulsory disclosure of finance charges.

3. (1) A moneylender carrying on the business of money lending shall, on demand before the conclusion of any money lending transaction in connection with which finance charges are or will be payable, furnish separately and distinctly to the prospective borrower, and, whether or not any such demand is made, shall set out separately and distinctly in every instrument of debt executed in respect of any such transaction, in so far as the same may be known and determinable, the following particulars:

- (a) The cash amount in money actually received by or on behalf of the borrower or which will be received by or on behalf of the borrower or prospective borrower;
- (b) all other charges, shown separately, forming part or which will form part of the principal debt;
- (c) the principal debt, that is, the sum of the amounts referred to in paragraphs (a) and (b);
- (d) the amount in rand and cents of the finance charges;
- (e) the finance charges expressed as an annual finance charge rate; and
- (f) as the case may be, the date upon which or the number of instalments in which the principal debt together with the finance charges must be paid, the amount of each instalment and the date upon which each instalment must be paid or the manner in which that date is determined.

(2) A credit grantor who transacts credit transactions in the normal course of his business, shall, on demand before the conclusion of any credit transaction in connection with which finance charges are or will be payable, furnish separately and distinctly to the prospective credit receiver, and, whether or not any such demand is made, shall set out separately and distinctly in every instrument of debt executed in connection with any such transaction, in so far as the same may be known and determinable, the following particulars:

- (a) The selling price of the goods sold or to be sold or the sum of money charged or which will be charged for the use or enjoyment of the goods;
- (b) all other charges, shown separately, forming part or which will form part of the principal debt;
- (c) the cash amount in money or the reasonable value of goods deducted or which will be deducted at the conclusion of the transaction from the amount referred to in paragraph (a);
- (d) the principal debt, that is, the sum of the amounts referred to in paragraphs (a) and (b) less the amount referred to in paragraph (c);
- (e) the amount in rand and cents of the finance charges;
- (f) the finance charges expressed as an annual finance charge rate; and
- (g) as the case may be, the date upon which or the number of instalments in which the principal debt together with the finance charges must be paid, the amount of each instalment and the date upon which each instalment must be paid or the manner in which that date is determined.

(3) The provisions of subsections (1) and (2) shall not apply to or in respect of—

- (a) a bill of exchange when such bill is executed or discounted by the South African Reserve Bank, the National Finance Corporation of South Africa or a banking institution as defined in section 1 (1) of the Banks Act, 1965 (Act No. 23 of 1965);
- (b) a bond over property which is registered in a deeds registry;
- (c) a debit balance in an account with a banking institution as defined in section 1 (1) of the Banks Act, 1965, out of which withdrawals may be made by cheque or on other instructions of clients; and
- (d) a money loan given by an insurer to a policy-holder when such loan is secured by the pledge of a policy

van 'n deur daardie versekeraar uitgereikte polis op die lewe van bedoelde polishouer.

(4) Waar die besonderhede in subartikel (1) of (2) bedoel, in 'n dokument verstrek word waarin ook ander inligting vervat is, word bedoelde besonderhede verstrek in skrif wat nie minder opvallend is nie as die skrif waarin daardie ander inligting verstrek word.

(5) 'n Registrateur van aktes registreer geen skuldakte wat aan die bepalings van subartikels (1) of (2) en (4) moet voldoen maar wat nie daaraan voldoen nie.

(6) Iemand wat 'n skuldakte wat nie aan die bepalings van subartikels (1) of (2) en (4) voldoen nie, opstel of verly of by die opstel of verlyding daarvan betrokke is, of dit as sessionaris of andersins neem of hou, wetende dat dit nie aldus voldoen nie, is aan 'n misdryf skuldig.

(7) Iemand wat opsetlik 'n skuldakte wat 'n valse verklaring bevat ten aansien van die besonderhede wat ingevolge subartikel (1) of (2) daarin verstrek moet word, opstel of verly, of wetens 'n party by die opstel of verlyding daarvan is, en iemand wat so 'n skuldakte uitgee wetende dat dit so 'n valse verklaring bevat, is aan 'n misdryf skuldig.

(8) Ondanks die bepalings van hierdie artikel, maar behoudens die bepalings van artikel 5, word 'n skuldakte nie as ongeldig of gebrekkig beskou nie slegs omdat dit nie aan die een of ander voorskrif van subartikel (1), (2) of (4) van hierdie artikel voldoen nie.

4. Indien 'n geldopnemer of kredietopnemer versuim om 'n Beperking op bedrag wat hy in verband met 'n geldleningstransaksie of 'n krediettransaksie aan 'n gelduitlener of kredietgewer verskuldig is, te betaal op die tydstip waarop sodanige bedrag betaalbaar is, of indien 'n geldopnemer of kredietopnemer met 'n geld- uitlener of kredietgewer ooreenkom om die betaling van 'n bedrag wat hy soos voormeld aan daardie gelduitlener of krediet-gewer verskuldig is, uit te stel, is die gelduitlener of krediet-gewer daarop geregtig om op die geldopnemer of kredietop-nemer 'n bykomende bedrag aan finansieringskoste te verhaal wat bereken word met inagneming van die totale bedrag wat betaalbaar is maar onbetaald is, die finansieringskostekoers per jaar waarteen finansieringskoste aanvanklik op die hoof-skuld gevorder is en, na gelang van die geval, die tydperk wat die versuim voortduur of die tydperk waarvoor uitstel soos voormeld verleen word.

5. (1) 'n Gelduitlener of kredietgewer verkry in verband met 'n geldleningstransaksie of 'n krediettransaksie nie vonnis vir Beperking van som op geldopnemer of kredietopnemer verhaalbaar.

- (a) die hoofskuld aan hom deur die geldopnemer of krediet-opnemer verskuldig;
- (b) in die geval van 'n geldlening wat in die geheel of gedeeltelik deur 'n verband op onroerende goed gesekureer is en indien die gelduitlener kragtens 'n ooreenkoms tussen hom en die geldopnemer daartoe gemagtig is, 'n bedrag wat, nadat die betrokke transaksie aangegaan is, werklik deur die gelduitlener uitbetaal is ten opsigte van die instandhouding en herstel van en hernuwingspremies op 'n brandver-sekeringspolis oor bedoelde onroerende goed;
- (c) finansieringskoste op die hoofskuld en, indien toe-paslik, op die bedrag in paragraaf (b) bedoel teen 'n finansieringskostekoers per jaar wat nie hoër is nie as die toepaslike koers wat ten opsigte van die geld-leningstransaksie of krediettransaksie deur artikel 2 (1) of (2) voorgeskryf is;
- (d) bykomende finansieringskoste bereken op die wyse in artikel 4 voorgeskryf; en

issued by the said insurer on the life of the said policy-holder.

(4) Where the particulars referred to in subsection (1) or (2) are furnished in a document which also contains other information, such particulars shall be furnished in writing not less conspicuous than the writing in which such other information is furnished.

(5) No registrar of deeds shall register any instrument of debt which is required to comply with the provisions of subsections (1) or (2) and (4) but does not comply therewith.

(6) Any person who makes or executes or is a party to the making or execution of, or as cessionary or otherwise accepts or holds, an instrument of debt which does not comply with the provisions of subsections (1) or (2) and (4), knowing that it does not so comply, shall be guilty of an offence.

(7) Any person who wilfully makes or executes, or is knowingly a party to the making or execution of an instrument of debt which contains a statement which is false as to any of the particulars required to be inserted therein by subsection (1) or (2), and any person who utters any such instrument of debt knowing that it contains any such false statement, shall be guilty of an offence.

(8) Notwithstanding anything in this section contained, but subject to the provisions of section 5, no instrument of debt shall be deemed to be invalid or defective merely by reason of the fact that it does not comply with any provision of subsection (1), (2) or (4) of this section.

Limitation of sum recoverable on default or deferment of payment.

4. If a borrower or credit receiver fails to pay any amount which is owing by him to a moneylender or credit grantor in connection with a money lending transaction or a credit transaction, upon the date when such amount is payable, or if a borrower or credit receiver enters into an agreement with a moneylender or a credit grantor to defer the payment of an amount which is owing by him as aforesaid to the moneylender or credit grantor, the moneylender or credit grantor shall thereupon be entitled to recover from the borrower or credit receiver an additional amount in respect of finance charges which shall be calculated by reference to the total amount which is payable but is unpaid, the annual finance charge rate at which finance charges were charged initially on the principal debt and, as the case may be, the period during which the default continues or the period for which payment is deferred as aforesaid.

Limitation of sum recoverable from borrower or credit receiver.

5. (1) No moneylender or credit grantor shall in connection with a money lending transaction or a credit transaction obtain judgment for or recover from a borrower or credit receiver an amount exceeding the sum of—

- (a) the principal debt owing to him by the borrower or credit receiver;
- (b) in the case of a money loan secured wholly or partly by a mortgage bond over immovable property and if the moneylender is authorized thereto in terms of an agreement between himself and the borrower, any amount actually disbursed by the moneylender after the conclusion of the transaction concerned in respect of the maintenance and repair of and renewal premiums on a fire insurance policy over the said immovable property;
- (c) finance charges on the principal debt and, if applicable, on the amount referred to in paragraph (b) at an annual finance charge rate not exceeding the relevant rate prescribed in respect of the money lending transaction or credit transaction by section 2 (1) or (2);
- (d) additional finance charges calculated in the manner prescribed by section 4; and

(e) alle koste wat werklik deur hom aangegaan is in verband met die invordering van die skuld of rente wat daarop verskuldig is en wat regtens op die geldopnemer of kredietopnemer verhaalbaar is.

(2) 'n Gelduitlener of kredietgwer verkry in 'n geding teen 'n geldopnemer of kredietopnemer ten opsigte van verlies, skade of uitgawe wat na bewering in verband met 'n geldleningstransaksie of 'n krediettransaksie, opgeloop is, nie vonnis nie vir 'n bedrag wat nie ingesluit is nie in die bedrag wat ten opsigte van daardie geldleningstransaksie of krediettransaksie, na gelang van die geval, ingevolge subartikel (1) verhaalbaar is.

(3) In verrigtinge ingevolge die Insolvencieswet, 1936 (Wet No. 24 van 1936), of 'n ander wet, bewys 'n gelduitlener of kredietgwer ten aansien van 'n geldleningstransaksie of 'n krediettransaksie geen vordering vir 'n bedrag waarvoor hy ingevolge hierdie artikel nie vonnis kan verkry nie.

6. (1) Waar die hoofskuld en finansieringskoste wat deur 'n geldopnemer of kredietopnemer in verband met 'n geldleningstransaksie of 'n krediettransaksie verskuldig is, kragtens 'n ooreenkoms tussen hom en die betrokke gelduitlener of kredietgwer in paaiemende oor 'n tydperk in die toekoms betaal moet word en die finansieringskoste deel van daardie paaiemende uitmaak, is die geldopnemer of kredietopnemer te alle tye geregtig om 'n paaiemende voor die vervaldag daarvan te betaal, en is hy, as hy alle nog onbetaalde paaiemende (mits dit nie die laaste paaiemende is nie) in een bedrag betaal, geregtig op 'n vermindering van elke paaiemende wat nie op die datum waarop betaling aldus geskied, opeisbaar is nie, met 'n bedrag bereken teen die koers van sewe en 'n halfpersent per jaar op bedoelde paaiemende ten opsigte van die tydperk waarmee die betaling van bedoelde paaiemende vervroeg is.

Vermindering van paaiemende by vervroegde betaling, herfinansiering of konsolidasie van skuld.

